Ernst Fuchs, *Was ist Theologie?* J. C. B. Mohr, Tübingen, 1953.

Hierdie werkie bevat drie lesings wat tussen die jare 1951 en 1953 gehou is. Die eerste voordrag handel, netsoos bostaande werkie, oor die onderlinge verhouding van Teologie en Wysbegeerte, terwyl die tweede oor die grondvrae van die moderne eksegese spreek en die derde die huidige stand van die teologie onder oënskou neem.

Aldrie hierdie voordragte is uitgewerk in noue verwantskap met die teologiese visies van *Bultmann* en is in dié sin dan ook interessant, omdat hierdeur die toepasbaarheid, bruikbaarheid en toepaslikheid van hierdie bepaalde gedagtes duidelik aan die lig tree.

In die eerste voordrag oor „Teologie en Filosofie" maak *Fuchs* die stelling dat beide teologie en wysbegeerte denkbeweginge is, maar dat elkeen op sy eie karakteristieke wyse dink: Teologie is die denkbeweging van waarheid*getuienis* en wysbegeerte is die denkbeweging van die waarheids*soeker*. Die teologie dink, terwyl dit verhelder wat dit *glo*; die wysbegeerte dink, terwyl dit in begrippe verhelder wat dit *begryp*. Die wêreld waarmee die teologie sig besighou, is *die mens* wat deur God opgeroep word om mens te wees soos die „nuwe" mens, Jesus Christus. Maar aangesien die mens nie meer „by sigself" is en nog nie „tot sigself" bevry is nie, interesseer die teologie sig vir die wêreld wat na hierdie wêreld kom. Die filosofie

se wêreld is hierdie wêreld. Daarom sal die teologie sig altyd *polemies* verhou teenoor die wysbegeerte, ook teenoor 'n „kritiese" wysbegeerte.

Ook in die hoofstuk oor die beginselvrae van die moderne eksegese kry ons hierdie selfde antwoordrigting. Daar sê *Fuchs* dat die moderne eksegese nie op die regte pad is as dit vra: „*Wat* is waarheid?" of „*Wie* is waarheid?" nie, maar as dit, met inagneming van die eskatologiese spanning vra: „*Waar* is waarheid?"

In die voordrag i.v.m. die huidige stand van die teologie, beweer *Fuchs* dat die protestantse teologie ter sake is as dit wetenskaplik en kerklik is. *Wetenskaplik* is sy as sy vanuit die geloof die vraag na die mens só radikaal stel dat die mens vir sigself tot vraag word en *kerklik* indien dit die vraag kan oplos van die verhouding van die enkeling tot die gemeente. Dit kan eintlik alleen die jongste rigting in die teologie doen deur die „Christus vir ons" ook aan te dui as die „Christus in ons". „Die evangeliese teologie staan vandag dus by die mens, wanneer sy bewerk dat ek vir myself tot vraag word. Gebeur dit, dan staan ons *voor God*" (bls. 44).

Dit is dus baie eienaardige antwoorde op bostaande vrae, antwoorde wat eintlik vir ons teologiese gedagtewêreld hier in Suid-Afrika vér is en vreemd aandoen. En tog is hierdie werkie instruktief vir diegene wat iets van die uitwerking van die gedagtes van *Bultmann* in hulle toepassing wil leer.

B. J. ENGELBRECHT.

* *